

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 6: *Toldot* – Geslagte / Generasies

Dit is die geskiedenis van Yitz'gak, die seun van Avraham: Avraham was die vader van Yitz'gak. Gen. 25:19 PWL¹

Torah: Gen. 25:19 tot 28:9.

Haftorah: Maleagi 1:1 tot 2:7.

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah: Die Twee Verbonde: Deel 1.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 6 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Religion today is not transforming people; rather it is being transformed by the people. It is not raising the moral level of society; it is descending to society's own level, and congratulating itself that it has scored a victory because society is smilingly accepting its surrender – A. W. Tozer.

Has it ever occurred to you that one hundred pianos all tuned to the same fork are automatically tuned to each other? – A.W. Tozer.

Torah Bespreking

Hersiening

Hoewel die naam van die vorige Torahskriflesing, *Die lewensjare van Sarah* is, begin dit egter met die sterwe van Sarah (Gen. 23:1 en 2) en eindig dit met die sterwe van Abraham (Gen. 25:7 en 8). Ons word bemoedig deur hoe beide Abraham en Sarah se lewe geëindig het! Dit bring die besef tuis dat hoe ons lewe gaan eindig belangriker is as hoe ons ons lewe begin het, veral ten opsigte van ons geestelike nalatenskap!

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Daarom dien die lewensjare van Abraham en Sarah as onderrig tot stigting, troos en bemoediging, want albei het in vertroue en gehoorsaamheid tot en met hul sterwensdag gedoen wat Vader-God van hulle gevra het. Hulle is rolmodelle vir ons wat die nageslag van Abraham deur vertroue in Yeshua as Messias is!

Hierdie week se Torahskriflesing is die begin van die geskiedenis van die nageslag van Abraham en dus die voortsetting van יהוה se plan van die herstel van die verhouding tussen Hom en die mens soos dit aan die begin van die Skepping was.

Ons Geestelike Wortels

Ons geestelike erflating begin ook by Abraham. Daarom is dit meer korrek om te praat van ons ‘Abraham-wortels’ as van ons Hebreuse wortels! Abraham was ‘n Hebreër omdat hy ‘n afstammeling van Eber was. Hy was deur יהוה geroep om uit Ur van die Chaldeërs (antieke Babilon) te trek na die Beloofde Land Kanaän.

Maar ons moet onthou dat al die ander afstammeling van Eber wat agter gebly het ook Hebreërs was. Wanneer daar egter na Abraham as die Hebreër (Hebreeus: *Ivrie*) verwys word, soos in Gen. 14:13, is die betekenis *om oor te gaan of om deur te gaan*. Hierdie betekenis sien ons in Jos. 24:3.

Toe het Ek julle vader Avraham, van oorkant die Rivier af, gevat en hom deur die hele land Kena’an laat trek en sy nageslag vermeerder en Yitz’gak vir hom gegee.

Abraham is dus nie gered omdat hy ‘n Hebreër was nie, maar omdat hy in יהוה geglo het en dit hom tot geregtigheid gereken was. Abraham het “oorgegaan” tot vertroue in יהוה. Die fisiese nageslag van Abraham word ook Hebreërs genoem op grond van hulle vertroue in יהוה. Daarom is dit belangrik om te verstaan dat ons geestelike wortels by Abraham begin. Dit is belangrik, omdat die term Hebreuse wortels dikwels met Rabbynse Judaïsme wat Yeshua verwerp, verwar word!

Dan is dit ook baie belangrik om te verstaan dat Abraham se vertroue nie deur die fisiese eersgeborene (Ismael) voortgesit is nie, maar wel deur die geestelike eersgeborene, naamlik Isak. Hierdie beginsel word herhaal met die geboorte van Esau en Jakob. Esau was die fisiese eersgeborene, maar Jakob was die geestelike eersgeborene.

Daarom dien ons die God van Abraham, Isak en Jakob. Ons moet in hulle voetspore stap – voetspore van vertroue in die genade van יהוה en van gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies, naamlik Torah soos dit יהוה se Eersgeborene Yeshua vervul is! Ons moet met ons geestesoe sien wat ons voorvader Abraham gesien het, naamlik die (weder)koms van Yeshua Messias!!

Haftorah Bespreking

Mal’ahki 1:1 tot 2:7 – Was jy maar warm of koud!

Die profeet Mal’ahki (Maleagi) se bediening was in die vyfde eeu (ongeveer 450 tot 400 jaar) voor Messias, en ongeveer 100 jaar na Juda se terugkeer uit Babiloniese ballingskap. Ons moet hierdie Haftorah Skriflesing ook lees teen die agtergrond van die tweede tempel wat voltooi was en dat Israel genoegsame tyd gehad om hulle geestelike lewe in orde te kry. Die feit is egter dat hulle geestelike welsyn na hul terugkeer uit Babilon mettertyd verval het tot agtelosigheid en oppervlakkigheid.

Mal'ahki se naam beteken *My BoodsAPPER*. Ware priesters was beskou as boodskappers van יהוה en as leraars van Torah.

want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar en mense moet instruksie uit sy mond soek, want hy is die boodskapper van יהוה-Tzva'ot. Mal. 2:7.

Mal'ahki profeteer dat יהוה Sy boodskapper sal stuur, naamlik Johannes die Doper, om die pad skoon te maak (Matt. 11:10; Mark. 1:2; Luk. 1:76) vir die BoodsAPPER van die verbond, naamlik Yeshua Die Gesalfde Een!

“Let op, Ek gaan My boodskapper stuur en hy sal die pad voor My skoonmaak. Die Meester, wat julle soek, sal skielik na Sy tempel toe kom en die BoodsAPPER van die verbond, in Wie julle vreugde vind, let op, Hy kom,” sê יהוה-Tzva'ot, Mal. 3:1

Mal'ahki was gestuur om die geestelike welstand van Israel te evalueer. Maar sy boodskap was woorde van tugtiging! Israel was getugtig omrede hulle die verbond verbreek het deur יהוה se onderrig en instruksies ten opsigte van ondermeer die offerandes (Mal. 1:7 en 10), die huwelik en egskeiding (Mal. 2:10 tot 12 en 14), asook die gee van tiendes (Mal. 3:8 tot 10) nie noudeset nagekom het nie!

Mal'ahki vergelyk die geestelike welsyn van Israel met dié van Esau:

“Ek het julle liefgehad,” sê יהוה, maar julle vra: “Waarin het U ons liefgehad?” “Was 'Esav nie Ya'akov se broer nie?” verklaar יהוה. “Tog het Ek Ya'akov liefgehad, maar Ek het 'Esav gehaat en Ek het sy berge 'n verlatenheid gemaak en sy erfenis aan die jakkalse van die wildernis gegee”. Mal. 1:2-3.

Waarom word Esau met die geestelike welsyn van Israel vergelyk? Die antwoord vind ons in Gen. 25:27.

Die seuns het opgegroeï: 'Esav was 'n ervare jagter, 'n man van die veld, maar Ya'akov was 'n sagte, vredevolle man wat in tente gebly het.

Hierdie teksvers beskryf nie net die verskille in die aard van Jakob en Esau nie, maar ook die verskille in hulle geestelike welsyn.

Esau se prioriteite het gesentreer rondom die bevrediging van die vlees en hy het geleef vir die oomblik. As ervare jagter het hy sekerlik erkenning gekry en was hy waarskynlik gesien as die “man onder die manne”. Hy was 'n *man van die veld*. Volgens Hebreuse denke verwys *veld* na die wêreld (Matt. 13:38). Esau het die geestelike dinge as minder belangrik beskou, want hy het op die vleeslike gefokus. Hy was so selfversekerd van sy eersgeboorte reg dat hy hy die geestelike aspek daarvan geminag het!

Isak was nie bekommerd oor Esau se geestelike welsyn nie, want Esau het die dinge gedoen wat sy blinde pa van gehou het. Bevestiging hiervan sien ons in Gen. 25:28.

Yitz'gak het 'Esav liefgehad, want wildsvleis was na sy smaak, maar Rivkah het Ya'akov liefgehad.

Maar Esau se geestelike welsyn was van so 'n aard dat hy sy eersgeboortereg verruil het vir 'n bord lensiegereg om sy sintuie te bevredig. Daarom lees ons in Heb. 12:15 tot 17 die volgende:

¹⁵ Wees waaksaam dat niemand onder julle, sonder die onverdiende guns van God gevind word nie of dat 'n wortel van bitterheid ranke voortbring en jou skade aandoen en baie hierdeur besoedel word nie,

¹⁶ of dat iemand onder julle as seksuele oortreder en losbandig gevind word, soos 'Esav, wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het, nie,

¹⁷ want julle weet dat hy, toe hy daarna die seën wou erf, verwerp is omdat hy geen herstel gevind het nie, al het hy dit met trane gesoek.

In die lig hiervan kan ons die woorde van die profeet Mal'ahki, en soos dit deur Paulus herhaal word, verstaan:

Net soos geskrywe is: "Ya'akov het Ek liefgehad en 'Esav het Ek gehaat." Rom. 9:13

Jakob was egter die teenoorgestelde – 'n sagte, vredevolle man wat in tente gebly het. Volgens Hebreuse denke verwys *in tente gebly* na Torah-gehoorsaamheid. Figuurlik gesproke het Jakob in Torah gebly en Esau het 'n lewe in die veld buite Torah-gehoorsaamheid gekies. Rebekka het egter die insae gehad om te verstaan dat die nageslag van Abraham Torah-gehoorsaam moet wees. Daarom moes Isak vir Jakob seën en nie vir Esau nie! Torah-gehoorsaamheid bring יהוה se seën en ongehoorsaamheid God se oordeel.

Ons moet die Torah-gehoorsame nageslag van Abraham, Isak en Jakob wees!! Dit is om hemelse skatte bymekaar te maak!

¹⁹ Moenie vir julle skatte opgaan hier op die aarde, waar motte en roes vernietig en waar diewe inbreek en steel nie,

²⁰ maar stoor vir julleself skatte in die hemel, waar mot of roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie, Matt. 6:19-20

Jakob is dus 'n sinnebeeld van 'n Torah-gehoorsame nageslag en Esau 'n sinnebeeld van Torahloosheid. Daarom tuggig Mal'ahki vir Israel deur hulle te vergelyk met Esau en dus as 'n volk wat afgewyk het van יהוה se onderrig en instruksies.

Soos Esau het Israel geestelik selfversekerd geword. Hoewel hulle יהוה se uitverkore volk was en by wyse van die tempel in יהוה se teenwoordigheid kon leef, het hulle die respekvolle eerbied (vrees) vir Die Almagtige verloor. Israel het nie meer die respekvolle waardering vir die intieme verhouding met יהוה gehad nie. Toegewyde en nougesette Torah-gehoorsaamheid is vervang met 'n goed-genoeg-gesindheid. Hulle het hulle eerste liefde verlaat – 'n toestand van lou liefde en nie koud of warm nie! Daarom vra יהוה vir Israel:

⁶ 'n Seun eer sy vader en 'n dienskneg sy meester. As Ek dan 'n Vader is, waar is My eer? As Ek 'n Meester is, waar is My respekvolle vrees?' sê יהוה-Tzva'ot vir julle, o priesters wat My Naam (Karakter en Outoriteit) verag! Julle sê egter: 'Waardeur het ons U Naam (Karakter en Outoriteit) verag?'

⁷ Julle bring onrein kos op My altaar, maar julle vra: 'Waardeur het ons U onteer?' Deurdad julle sê: 'Die tafel van יהוה is veragtelik.'

⁸ Wanneer julle egter die blinde as offer aanbied, is dit nie boos nie? Wanneer julle die kreupele of sieke aanbied, is dit nie boos nie! Hoekom dit nie aan julle goewerneur offer nie! Sal hy gelukkig wees met julle of julle goedgesind ontvang?" vra יהוה-Tzva'ot. Mal. 1:6 tot 8.

Soos Esau geglo het dat geen onheil hom kan tref nie, want hy is immers die eersgeborene van Isak en die kleinseun van Abraham, so het Israel ook in selfversekerheid geleef as die eersgeborene van יהוה en as kinders van Abraham. Esau se selfversekerheid het egter die deur oopgemaak vir oneerbiedigheid en wêreldsheid. Hierdie toestand was ook by Israel tydens

die profetiese bediening van Mal'ahki aanwesig. So lees ons dat dieselfde gesindheid ook by sommige Jode in Yeshua se tyd aanwesig was:

7 maar toe Yoganan baie van die Fariseërs en Saduseërs sien kom om deur hom gedoop te word, sê hy vir hulle: “Nageslag van Adders! Wie het julle gewaarsku om te vlug van die komende straf?

8 Produseer daarom vrugte wat waardig is aan een wat weggedraai het van sy sondes na God toe

9 en moenie dink en in julleself sê: ‘Avraham is ons Vader nie,’ want ek sê vir julle dat God uit hierdie klippe kinders vir Avraham kan opwek!

10 Let op, die byl is ook alreeds teen die wortel van die bome neergelê, gereed om te kap; elke boom wat daarom nie goeie vrugte dra nie, word afgekap en val in die vuur!

11 Ek doop julle in water sodat julle van die sonde kan wegdraai na God toe, maar die Een wat ná my kom, Wie se sandale ek nie eens waardig is om uit te trek nie, is kragtiger as ek. Hy sal julle doop in die Gees wat Afgesonderd is en in vuur.

12 Sy hooivurk is by Hom en Hy maak Sy dorsvloer deeglik skoon en Sy graan maak Hy in Sy skure bymekaar en die kaf sal Hy verbrand in die onuitblusbare vuur!” Matt. 3:7 tot 12.

Ons weet ook dat hierdie gesindheid en toestand in die einde van dae aanwesig sal wees, soos Yeshua se woorde aan die gemeente in Efese en Laodicea dit duidelik maak.

4 maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

5 Onthou van waaruit jy gekom het en doen die dae van vroeër, anders kom Ek teen jou en Ek sal jou kandelaar wegvat as jy nie wegdraai van jou sonde na God toe nie, Open. 2:4-5

15 Ek ken jou dae, dat jy nie koud of warm is nie, want dit is nodig dat jy of koud sal wees, of warm

16 en jy is lou en nie koud of warm nie. Ek gaan jou uit My mond uitspog,

17 want jy sê: ‘Ek is ryk en welvarend en het niks nodig nie’ en jy verstaan nie dat jy siek, bejammeringswaardig, arm en kaal is nie.

18 Ek beveel aan dat jy van My goud, wat deur vuur gesuiwer is, koop sodat jy voorspoedig kan word en wit kleres sodat jy jou kan aantrek en die skande van jou kaalheid nie gewys word nie en oogsalf om jou te salf sodat jy kan sien.

19 Ek bestraf en dissiplineer dié wat Ek lief het. Wees daarom ywerig en keer terug. Open. 3:15-19.

In die dae van Mal'ahki het Israel se geestelike welsyn verval tot agtelosigheid en oppervlakkigheid. Israel se liefde vir יהוה het afgekoel! Hulle bedoelings was sekerlik nog opreg, maar hulle het blind geword vir die ware betekenis van liefde vir יהוה, naamlik nougestte gehoorsaamheid aan God se onderrig en instruksies. Lou (afgekoelde) liefde en goeie bedoelings is die simptome van geestelike “siekte” waarvoor ons almal vatbaar is!

Daarom kan die mens se goeie bedoelings nooit 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan יהוה wees nie. Dit is die les wat beide Saul en Dawid ondermeer geleer het. Hierdie les geld ook vir elkeen van ons vandag, naamlik dat יהוה, ons God en Vader, gehoorsaamheid vereis en nie goeie bedoelings nie.

Nadat Saul as koning gesalf is, het hy in opdrag van יהוה gegaan om die Amalekiete te verslaan. יהוה het duidelik aan Saul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig.

Saul mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat Saul alles met die banvloek moet tref (1 Sam. 15:1 tot 3). Na die oorwinning het Saul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1 Sam. 15:4 tot 9).

יהוה het toe deur die mond van Samuel vir Saul gekonfronteer met die woorde: *Waarom het jy nie die stem van יהוה gehoorsaam nie, maar op die buit afgestorm en gedoen wat boos is in die oë van יהוה?* (1 Sam. 15:19). Saul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die bangoed as offer aan יהוה op Gilgal te bring. Hierop het Samuel vir Saul geantwoord:

22 Sh'mu'el het gesê: “Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,

23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”

24 Toe sê Sha'ul vir Sh'mu'el: “Ek het gesondig; ek het waarlik die bevel van יהוה en u woorde oortree, want ek was bang vir die manne en het na hulle stem geluister; 1 Sam. 15:22-24.

Saul se goeie bedoelings het nie opgemaak vir sy ongehoorsaamheid nie. Ongehoorsaamheid aan יהוה is sonde en bring oordeel. Inteendeel, weens Saul se ongehoorsaamheid was hy sy koningskap kwyt. יהוה het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is sonde wat gelykstaande is aan waarsêery en afgodery. Hoe maklik kan ons ook met goeie bedoelings probeer om gehoorsaamheid te vervang!!

Soos Saul is ons ook dikwels vir ons geliefdes en familie bevrees (1 Sam.15:24) en volg dan, teen ons beter wete, eerder die pad van ongehoorsaamheid. Ons kan nie vir Vader God iets in die plek van gehoorsaamheid aanbied nie. Indien ons moedswillig ons Vader se onderrig en instruksies oortree, is ons beste bedoelinge nie goed genoeg nie! Ongehoorsaamheid is sonde en sal gestraf word.

Hoeveel seëninge is ons dalk kwyt weens ongehoorsaamheid? Het jy jouself hierdie vraag al gevra?

Is ons nie ook dikwels besig om dinge wat Vader as ‘n banvloek beskou aan Hom te probeer offer nie? Dit wat met die banvloek getref is, is dit wat ons uit ons lewe moet verban. Dit moet vernietig en uitgeroei word en ons mag niks daarmee te doen hê nie!!

Jy mag ook geen verwerplike ding in jou huis inbring nie sodat jy nie saam met dit totaal vernietig word nie. Jy moet dit ten diepste verafsku en dit geheel en al haat, want dit is iets wat verban is. Deut. 7:26.

Dink ook aan Kain en Abel. Beide het aan יהוה ‘n offer gebring, maar slegs Abel se offer was aanvaar, want dit was volgens יהוה se vereiste. Kain se goeie bedoelings deur van die vrugte van die land as offer te bring, is deur God verwerp (Gen. 4:3 tot 5). Indien יהוה slegs goeie bedoelings as vereiste gestel het, dan sou Hy ons daarvan vertel het. יהוה is die wetgewer (Jak. 4:12) en vereis gehoorsaamheid van elkeen van ons. Ons goeie bedoelings word juis deur ons gehoorsaamheid openbaar. Ongehoorsaamheid kanselleer goeie bedoelings.

In Deut. 12:30 en 31 lees ons die volgende:

³⁰ let op dat jy nie in die strik val om hulle te volg nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: ‘Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?’ nie.

³¹ Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode.

Talle van die Christengebruike het ‘n heidense oorsprong wat ‘n Christenbaadjie gekry het. Wat is dit anders as om te vra: *Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen.* Goeie bedoelings gaan nie maak dat יהוה dit nie meer as ‘n gruwel sal beskou nie! Indien יהוה sê dat iets ‘n gruwel is, dan is dit, en bly dit, ‘n gruwel. Indien dit wat ons doen en glo ‘n afgode oorsprong het wat ver-Christen is, soos ondermeer kersfees en die instelling van Sondag as *die dag van die Here*, bly dit steeds ‘n gruwel in die Vader se oë en sal ons goeie bedoelings dit nie verander nie.

Die Israëliete het ook ‘n goue kalf gemaak en Aäron het gesê: *Môre is daar fees tot eer van יהוה* (Ex. 31:5). Hierdie handeling was egter ‘n gruwel vir God. Hoe kan die mens afgodery meng met aanbidding van die ware Skepper-God en dit dan beskou as tot eer van יהוה? Kersfees is ‘n *goue kalf* wat in die plek van die feestye van יהוה (Levitikus 23) gehou word. So ook word die goeie bedoelings van Sondagaanbidding as alternatief vir die Shabbatsgebod (Ex.20:8 tot 11) aangebied. יהוה die Skepper-God aanvaar egter nie goeie bedoelings as plaasveervanger vir gehoorsaamheid nie!!

Die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het vreemde vuur voor die aangesig van יהוה gebring en het as gevolg van dit gesterf (Lev. 10:1 en 2). Beide Nadab en Abihu was opgelei as priesters en het geweet wat YHVH vereis, en tog het hulle ‘n alternatief in die plek van gehoorsaamheid vir יהוה aangebied. Onthou: Die mens kan nie by God se Woord byvoeg, wegneem of daaraan verander nie. Al is ons bedoelings hiermee opreg, is dit soos om vreemde vuur voor יהוה se aangesig te bring. Dit is onaanvaarbaar!!!

Ons kan wel sê dat Saul se bedoelings nie absoluut opreg was nie, maar dat hy op die oomblik wat hy gekonfronteer was ‘n vinnig uitweg uitgedink het. Maar wat dan van Dawid? Sy bedoelings met die haal van die verbondsark by die huis van Abinadab was sekerlik absoluut opreg.

Dawid wou die verbondsark na twintig jaar terugbring om dit weer in die midde van die volk te plaas. Hy wou weer die heerlijkheid van יהוה terugbring na Israel. Hulle het die ark toe op ‘n nuwe wa geplaas en Dawid en die hele Israel het uitbundig voor die ark van God gedans, terwyl hulle deur musiekinstrumente begelei was (1 Kron. 3:6 tot 8). Toe hulle by die dorsvloer van Nakon kom, het Ussa die ark met sy hand gestut, want die osse het gestruikel. יהוה se toorn het egter toe ontvlam en Ussa het daar langs die wa gesterf (1 Kron. 13:9 en 10).

Dawid was erg ontsteld en het daardie dag vir God bang geword en gevra: *Hoe kan ek die ark van God na my toe bring?* (1 Kron. 13:12). Daardie dag het Dawid besef dat sy goeie bedoelings nie goed genoeg was nie!! Hy moes gaan uitvind wat יהוה se vereistes was om die ark terug te bring. Hy moes dit volgens God se onderrig en instruksies doen (1 Kron. 15) en nie volgens die van mense nie. Alleenlik toe is die verbondsark suksesvol teruggebring en was die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה weer in hulle midde.

Hoe dikwels probeer ons Vader-God vereer en aanbid op mensgemaakte wyses! Ons probeer יהוה se heerlijkheid volgens ons eie menslike pogings terugbring. Ons bedoelings mag opreg wees, maar as dit nie volgens יהוה se wil is nie, kan ons dalk ook geestelik sterf. Ons moet onself ondersoek om seker te maak dat ons in alles יהוה vereer en aanbid op ‘n wyse wat Sy

heerlikheid sal terugbring in ons lewens. Die beste mensgemaakte metodes is nie goed genoeg nie!!

Dikwels maak ons die woord van God kragteloos deur vas te hou aan die oorgelewerde gebruike en sieninge van mense (Mark. 7:13). Hierdie gebruike en sieninge leer ons weer ons kinders sonder om ooit die vraag te vra of dit werklik יהוה se wil is.

Wanneer laas het jy jouself die volgende gevra: *Hoekom glo ek wat ek glo, en hoekom doen ek wat ek doen?* Indien ons anders glo, en ons persepsie van יהוה anders is as die waarheid in die Woord, dan is ons besig met afgodery. Dan ken ons nie die ware Skepper-God nie en kan ons Hom nie behaag nie. Dieselfde geld ten opsigte van dit wat ons doen. Ons beste bedoelings is nie goed genoeg vir יהוה indien dit nie volgens Sy wil is nie.

Ons behoort selfondersoek te doen en seker te maak dat ons nie besig is met goeie bedoelings nie, terwyl ons ongehoorsaam is aan יהוה se onderrig en instruksies – Sy Torah. As ons die Vader waarlik lief het, sal ons alles doen wat Hy ons beveel.

¹⁵ As julle My lief het, voer voortdurend My opdragte uit.

²¹ Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” Joh. 14:15 en 21

Bepeins of Bespreek

1. Is jy in alles aan Vader gehoorsaam of dink jy vertrou in Yeshua as Messias en goeie bedoelings is voldoende om die geregtigheid van God in Yeshua te wees?? Jy mag opregte ywer vir יהוה hê, maar as jy nie Sy geregtigheid ken en doen nie, dan is jy besig om jou eie geregtigheid op te rig. Dan onderwerp jy jou nie aan יהוה se geregtigheid nie (Rom. 10:2 en 3) en is jy nie die geregtigheid van God in Yeshua nie!! Dan is jou geestelike temperatuur lou (afgekoel) en sal יהוה jou uit Sy mond spuug!
2. Dikwels word die feit dat die profeet Mal’ahki se tugtiging op die priesters van toepassing was, gebruik as rede dat dit nie op ons van toepassing is nie, veral wanneer dit kom by die gee van tiendes. Die vraag is egter: Is ons dan nie die koninklike priesterdom van יהוה nie (1 Pet. 2:9)? Is die woorde van Mal’ahki ten opsigte van ons offers, ons maaltye, ons huwelike en ons tiendes dan nie juis op ons vandag van toepassing nie? Ons moet waak teen geestelike selfversekerheid, asook waak teen ‘n kruidenierstrollie-gehoorsaamheid waar ons kies wat ons van hou en wat ons nodig het!

Skriftestudie

Die Verbond en die Torah

Lering 5: Die Twee Verbonde: Deel 1.

Soos voorheen bespreek is, is יהוה-God se verhouding met die mens vanaf die begin van Sy skepping en vir ewig gebaseer op grond van ‘n verbond. Hoewel daar in die Skrifte na verskillende verbonde verwys word, is daar in werklikheid net een verbond tussen יהוה en die mens – ‘n ewige verbond wat sedert die Skepping volmaak is, maar waarvan dele op יהוה se bepaalde tye, en volgens Sy Raadsplan, in meer detail aan die mens openbaar word.

Gerrie Coetzee verduidelik dit soos volg in sy boek “God van die Verbond”²

Elke nuwe geopenbaarde deel van die verbond is dus ewig en kan nooit wegval nie, maar kan meer volmaak openbaar en verduidelik word; daarom is die verbond met 'n enkel persoon, nie met hom as persoon alleen nie, maar met hom en almal onder sy outoriteit en nageslag: hulle wat die voortgaan en verbreding van Sy verbond uitbeeld en ontvang om dit weer bekend te maak.

Elke keer is daar 'n grens aan hierdie verbond. Dit is: daar is toelatingsvereistes en verantwoordelikhede. יהוה kan nie anders as om altyd getrou te wees aan Sy deel van die verbond nie en verwag dat die mens getrou is aan sy deel daarvan. יהוה self stel die voorwaardes van die verbond vas en die mens aanvaar of verwerp dit net. Die konsep van "Nuwe" Verbond, is dus die openbaring van 'n nuwe dimensie van die verbond, wat die vorige, "ou", openbaringe 'n nuwe, ryker en vollediger betekenis, waarde en gevolg kom gee. Die nuwe kan slegs volledig verstaan word as ek die volheid van die vorige dele van die verbond verstaan en ek kan dus nooit enige deel van die ewige verbond, soos geopenbaar, weggooi, omdat ek die 'nuwe' ontvang het nie. Dit is juis deur die vorige openbarings dat ek die nuwe volledig kan verstaan. Sy verbond sal voltooid voortgaan tot ons, in die volheid van die Teenwoordigheid van יהוה, die volheid kan sien en verstaan.

By elke nuwe openbaring is daar egter gebruike, metodes en vorm wat verander vir die voortgaan en gehoorsaamheid van die nuut geopenbaarde deel van die verbond. Dit maak die voriges nie sleg of boos nie, maar net aangepas of veranderd om beter die nuwe omgewing te bedien.

In die lig van bogenoemde moet die verskil tussen die ou- en die nuwe verbond verstaan word. En daarom kan daar ook na die nuwe verbond verwys word as die hernieude verbond.

Die feit dat daar in die Skrifte wel die onderskeid gemaak word tussen die ou- en die nuwe verbond, is omrede daar met die folterdood en opstanding van Yeshua so ‘n ingrypende verandering in יהוה se verbond met die mens plaasgevind het – ‘n verandering wat die verhouding tussen God en die mens vir ewig verander het! En dit is ook die rede hoekom die nuwe verbond ‘n beter verbond as die oue is. Hierdie verandering word vir ons deur Paulus in Gal. 4:22-27 verduidelik:

22 Want daar is geskrywe: “Avraham het twee seuns gehad, een vanuit ’n slavin en een vanuit ’n vry vrou,

23 maar hy wat vanuit die slavin gebore is, is na die vlees gebore, maar die een vanuit die vry vrou deur die belofte.

24 Hierdie is ’n illustrasie van twee verbonde: een, wat kom van die berg Sinai, wat geboorte gee in slawerny: dit is Hagar,

25 want Hagar staan vir die berg Sinai wat in Arabië is en oorgee aan die Yerushalayim van nou, wat saam met haar kinders in slawerny is,

26 maar daardie Yerushalayim is die vry vrou: wat ons almal se moeder is,

27 want daar is geskryf: “Verbly jou, onvrugbare wat nie voortbring nie! Breek uit en roep, jy wat geen geboortepyne het nie, want die kinders van die verlatene is meer as van haar wat begunstig is!”

² “God van die Verbond” is gratis aflaaibaar by <http://www.padwlewe.ch/> Gerrie Coetzee kan per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Maar ons is soos Isak, kinders van die belofte. Ons is nie meer slawe van die sonde nie, maar vry van die skuldvas van sonde en word deur die Afgesonder Gees geleer en gelei om in Yeshua die Torah van die nuwe verbond te onderhou! Dit is nie ons nie, maar Yeshua in ons wat die waarborg van gehoorsaamheid aan die Torah van die nuwe verbond is!

Volgens bogenoemde Skrif is dit duidelik dat die ou verbond vereenselwig word met die aankoms van Israel by die berg Sinai (Eksodus 19) en eindig met die folterdood van Yeshua, Die Gesalfde Een. Die nuwe verbond begin derhalwe by die folterdood van Yeshua en is steeds vandag en tot in ewigheid geldig. Die geestelik waarheid van Paulus se verduideliking sal in Lering 5, Deel 2 bespreek word.

Die Doel Van Die Twee Verbonde

Die feit dat daar twee verbonde is, is nie bloot toevalligheid nie. Dit is deel van יהוה se Raadsplan. Daarom is dit noodsaaklik om insig te hê in God se doel daarmee, en om die verwantskap van die twee verbonde tot mekaar te verstaan. Hierdie insig sal ons help om te verstaan waarom die nuwe verbond 'n beter verbond is en dit sal ons beter begrip en openbaring gee van יהוה se onverdiende guns!

Die eerste verbond moet gesien word as 'n tydperk van belofte en voorbereiding op die vervulling en die besitneming van dit wat onder die nuwe verbond ons erfenis geword het.

Ten einde insig te verkry in die doel met die twee verbonde, moet daar altyd ingedagte gehou word dat in die verbondsverhouding is daar twee partye betrokke, naamlik יהוה en die mens. Beide partye moet bewys lewer van hulle getrouheid en vermoë om die beloftes en voorwaardes van die verbond na te kom.

Die ou verbond was 'n bloedverbond tussen יהוה-God en Israel, met Moses as die middelaar van die verbond wat by Sinai gesluit was (Ex. 19:5 tot Ex. 24:11). Israel het hierdie verbondvoorwaardes aanvaar:

Die hele volk het saam geantwoord en gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen.” Moshe het die woorde van die volk teruggevat na יהוה toe. Ex. 19:8.

Israel het dit weer bevestig nadat Moses al die woorde en uitsprake van יהוה aan die volk meegedeel het:

Moshe het gekom en aan die volk al die woorde van יהוה en al die uitsprake meegedeel en die hele volk het met een stem geantwoord en gesê: “Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen.” Ex. 24:3

Hierdie voorwaardes kan in die woorde van die profeet Jeremia soos volg opgesom word:

² “Hoor, luister en doen die woorde van hierdie verbond en praat met die manne van Y'udah en met die inwoners van Yerushalayim

³ en sê vir hulle: ‘So sê יהוה, die God van Yisra'el: “Vervloek is die man wat nie na die woorde van hierdie verbond luister en dit nie doen nie.

⁴ Dit wat Ek julle vaders beveel het op die dag toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim, uit die ystersmeltoond, uitgelei en gesê het: ‘Luister na My stem en doen volgens alles wat Ek julle beveel; só sal julle My volk wees en Ek sal julle God wees,’

⁵ om die eed te bevestig wat Ek tot julle vaders gesweer het om aan hulle 'n land wat oorloop van melk en heuning te gee soos dit vandag is.’” Toe antwoord ek: “Dit is waar, יהוה!” Jer. 11:2-5.

Die verbondvoorwaardes is egter met die aanbidding van die goue kalf verbreek en Israel was dus met die dood strafbaar (Ex. 32:10)! Deur Moses se bemiddeling het יהוה egter vir Israel van uitwissing gespaar (Ex. 32:11 tot 14), maar vir Israel die boek (verbond) van die wet gegee om hulle in bewaring te hou totdat Yeshua sou kom (Gal. 3:24-25).

Israel se geskiedenis is egter bevestiging dat hierdie verbond ook telkens verbreek is met nadelige gevolge. Daarom het יהוה deur Jeremia aan Israel gesê: “My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was” (Jer. 31:32). Dit ten spyte van die hulpmiddels van onverdiende guns van die tabernakel, die priesterorde en die offerhandes. Hierdie hulpmiddels was bedoel om die mens te help om aan יהוה gehoorsaam te wees.

Weens die mens se inherente sondige natuur was Israel egter nie in staat om die vereistes en voorwaardes van die verbond na te kom nie. Daarom moes daar telkens onder die ou verbond versoening met יהוה by wyse van die gepaste offerande plaasgevind het. Hierdie offers was ‘n voortdurende herinnering aan Israel se sondes (Heb. 10:3).

Die ou verbond was derhalwe ‘n bewys van die mens se totale onvermoë om uit eie krag יהוה se Torah gehoorsaam te wees. Daarom was die ou verbond die leermeester wat die verlange gewek het na iets beter, en wat die belofte van die Messias lewend gehou het. Die doel met die ou verbond was dus ‘n tydperk waar die mens sy ontrouheid en onvermoë tot gehoorsaamheid ontdek het, en bewus geword het van sy gevangenskap (slawerny) in sonde. Dit was ‘n tydperk waar die verlange na ‘n Verlosser in almal se harte gevestig en lewend gehou was. Dit het ‘n verlange na die Messias gewek wat Israel van die sondejuk sou verlos.

Hoewel die nuwe verbond, soos die ou verbond, ook ‘n verbond tussen יהוה en die mens is, is daar een baie belangrike verskil wat in Lering 4 bespreek is, naamlik: Met die sluit van die ou verbond was Moses die middelaar (verbondshoof) van die mens, maar met die sluit van die nuwe verbond het Yeshua opgetree as die mens se Middelaar. Yeshua is die Seun van God (Matt. 14:33; Mark. 1:1) sowel as die Seun van die mens (Matt. 9:6; Matt. 12:8; Matt. 18:11, ens.). Yeshua besit al die hoedanighede van יהוה wat in ‘n mens kan wees, en in alle opsigte is Hy mens, maar Hy is sonder sonde!

Derhalwe is die nuwe verbond ‘n verbond tussen יהוה-God en יהוה die mens, Yeshua Die Gesalfde Een. Hierdie is een van die geheimenisse van die nuwe verbond wat dit ‘n beter verbond as die ou verbond maak (Heb. 8:6)!

Hierdie verbond kan daarom nie verbreek word nie, want die wedergebore kind van God is in Yeshua, wat soos יהוה, vir ewig getrou is aan die verbond. Dit wat vir die mens onder die ou verbond onmoontlik was, het יהוה dus uit onverdiende guns vir die mens deur Yeshua moontlik gemaak.

- 1 Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,
- 2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood,
- 3 want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel
- 4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1-4

In Yeshua is ons deur wedergeboorte deel van die nuwe verbond; ‘n verbond wat ons nie kan verbreek nie, ten spyte van ons sonde geneigdheid. Dit is die openbaring van die onverdiende

guns van die nuwe verbond – יהוה se liefdevolle omgee wat ons vrymaak van die vloek van die wet en wat die slawejuk van sonde verbreek het. Die onverdiende guns van die ou verbond was slegs ‘n skadubeeld hiervan!! Maar nou onder die nuwe verbond, kry ons die volle openbaring van יהוה se onverdiende guns!

Elkeen word deel van die nuwe verbond slegs op grond van vertroue in die versoeningswerk van Yeshua. Deur יהוה se onverdiende guns word ons gered, maar dit is ook hierdie onverdiende guns wat ons in bewaring hou totdat Yeshua weer sal kom en ons in alle opsigte aan Hom gelykvormig sal wees.

Die nuwe verbond is ‘n ewige verbond soos Jeremia van getuig het:

40 Ek sal ‘n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie van hulle af sal wegdraai om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie.

41 Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen en Ek sal hulle getrou in hierdie land plant, met My hele verstand, wil en emosie en met My hele lewe, Jer. 32:40-41.

Die ou verbond het tekortkominge gehad. Die verbond was egtyer nie die probleem nie, maar wel die mens se ontrouheid – יהוה het fout gevind met Israel (Heb. 8:8a). Daarom het יהוה ‘n nuwe (hernieude) verbond met Israel gesluit – een wat deur vertroue in Yeshua nie verbreek kan word nie! Die skrywer van die brief aan die Hebreërs stel dit soos volg:

8 want Hy vind fout met hulle en het gesê: “Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra’el en oor die huis van Y’udah ‘n nuwe verbond tot sy doel sal bring,

9 nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp,” sê יהוה.

10 “Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra’el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle ‘n God wees en hulle sal vir My ‘n volk wees

11 en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken יהוה’ nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste.

12 Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie.”

Opsommend

Die ou verbond was ‘n tydperk waar Israel tot selfinsig gekom het van hulle eie onvermoë om יהוה se Torah te onderhou, en waar die verlange na die Messias ten volle opgewek is. Die nuwe verbond openbaar יהוה se onverdiende guns om namens die mens alles vir die mens te doen wat die mens self nie onder die ou verbond kon regkry nie. Die twee verbonde moet derhalwe gesien word as die pad wat יהוה met die mens geloop het om elkeen te bring by die volle besef van afhanklikheid van hulle Skepper-God – ‘n besef dat Israel, en elke mens, ‘n Messias nodig het!

Die ou en nuwe verbond het dus ‘n gemeenskaplike doel, naamlik om die mens te herstel uit die toestand van sondeval en hom ‘n deelhebber te maak van die ewige lewe saam met יהוה. Die belangrikste verskil tussen die twee verbonde is egter die volgende: Waar die ou verbond heengewys het na Yeshua en wat Hy as Middelaar vir die mens sou doen, is die nuwe

verbond 'n bevestiging en verklaring dat Yeshua wel gekom het en dit wat יהוה belowe het, volbring het. Met die nuwe verbond is die verhouding tussen יהוה en die mens herstel tot soos wat dit was voor die sondeval.

Ja waarlik: Onverdiende guns, onbeskryflik groot!! HalleluYah!!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.